



CHRISTINE VAN WYK TOERE
vir die fynproewer

CHRISTINE VAN WYK-TOERE

(EDMS) BPK
REG NR 94 01824/07

Maart 2024

KRUGERWILDTUIN EN PANORAMAROETE

5 – 11 Junie 2024

PROGRAM

Junie
Wo 5

JOHANNESBURG – PRETORIA – MALELANE

Toerlede wat uit ander provinsies as Gauteng by die groep aansluit, moet voor 10:00 op **O.R. Tambo-lughawe** wees. Ons bus vertrek om 10:00 vanaf die lughawe na Pretoria. Toerlede wat in Pretoria by die groep wil aansluit, kom by die **Pretoria Botaniese Tuin** bymekaar, van waar die toerbus om 11:00 vertrek en die roete na Malelane in Mpumalanga aanpak.

Ons stop by die gewilde **Milly's**-plaasstal en -restaurant op die N4 naby Machadodorp vir middagete.

Voort na **Malelane** – 'n plaasdorp langs die N4 in Mpumalanga. Die streek is bekend vir suikerriet-, subtropiese vrugte- en wintergroenteplase. Die dorp se naam is afkomstig van die Swazi-woord 'eMlalani' wat 'plek van die palms' of die uitdrukking 'lala' (slaap) beteken.

Ons voeg die daad by die woord wanneer ons by die Rio Vista Lodge in Malelane oornag en aandete geniet.

Do 6

MALELANE – SKUKUZA

Die opwinding loop vandag hoog wanneer ons by die Malelanehek die **Nasionale Krugerwildtuin** binnery. Dit is die grootste wildreservaat in Suid-Afrika en beslaan 'n oppervlak van byna 2 miljoen hektaar ($\pm 20\,000\text{ km}^2$) en 'n afstand van 352 kilometer van noord na suid en 65 kilometer van oos na wes. Die park grens in die ooste aan Mosambiek en in die noorde aan Zimbabwe en strek oor die Laeveld van twee Suid-Afrikaanse provinsies, Mpumalanga en Limpopo.

Ons reis na **Skukuza** – die administratiewe hoofkwartier van en grootste ruskamp in die Krugerwildtuin. *Safari Lodge* in Skukuza is ons tuiste vir die volgende twee aande.

Vr 7

SKUKUZA – ONDER-SABIE – SKUKUZA

Ons geniet ontbyt in *Safari Lodge* en reis dan kuier-kuier in ons toerbus om te sien hoeveel van die meer as 2 000 plant-, 500 voël-, 150 soogdier- en 114 reptielspesies ons vandag kan uitsnuffel. Die Groot Vyf vorm deel van die ryk fauna en flora wat die Krugerwildtuin aan besoekers bied.

Ons bestee tyd in die **Onder-Sabie**-ruskamp. Dit is een van die oudste kampe in die Krugerwildtuin en lê aan die suidelike oewer van die Sabierivier. Onder-Sabie het 'n gedaantewisseling ondergaan sedert die vorige restaurant in die ruskamp afgebrand het. 'n Moderne restaurant en nuwe winkel is gebou, en besoekers kan op die groot restaurantstoep of op bankies in die kamp sit, van waar 'n mens 'n mooi uitsig het en die wild by die rivier en voëls binne die kamp kan besigtig. Daar is ook 'n swembad in die kamp vir diegene wat wil afkoel.

Ons keer terug na Skukuza, geniet die naggeluide en oornag in *Safari Lodge*.

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoere.co.za

Sa 8 SKUKUZA – SATARA

Ná koffie en ontbyt, vetrek ons na **Satara**. 'n Heerlike Wildtuinervaring wat vandag deel van ons program vorm, is die tee-/koffiestop by **Tshokwane**. Tshokwane is 'n gewilde afsaalbestemming in die Wildtuin en word gekenmerk deur die reuse worsboom wat die piekniekplek oorskadu.

Daar is verskeie watergate waar 'n mens op die roete tussen Skukuza en Satara kan aandoen. Satara-ruskamp is uitstekend geleë in een van die beste wildbesigtigingsareas in die Krugerwildtuin. Diegene wat belangstel, kan vanaand 'n opsionele wildrit onder leiding van 'n opgeleide veldgids onderneem.

So 9 SATARA – BLYDERIVIERSPOORT

Ná ontbyt soek ons vir oulaas wild voor ons die Krugerwildtuin by Orpenhek vaarwel roep. Ons verlustig ons vandag in die natuurskoon wanneer ons deur mooi dele van Mpumalanga reis. Ons geniet middagete by **Swadini** en, indien die tyd en weer dit toelaat, onderneem ons 'n opsionele bootvaart op die Blydedam. Ons neem mooi foto's van die Drie Rondawels en oornag en geniet aandete in die *Forever Resort* in **Blyderivierspoort**.

Ma 10 BLYDERIVIERSPOORT – SABIE – DULLSTROOM

Ons beleef vandag 'n gedeelte van die sogenaamde Panoramiese roete in Mpumalanga. Dit sluit pragtige bergpasse, watervalle en asemrowende uitkykpunte in. Die weer sal tot 'n groot mate bepaal hoe ons dag verloop. Daar is byvoorbeeld geleentheid om die *Bourke's Luck*-kolkgate te besoek en *God's Window* is vir talle besoekers letterlik en figuurlik 'n hoogtepunt. Ons stop by etlike uitkykpunte en padstalle en probeer so veel as moontlik hoogtepunte op die Panoramaroete by ons program insluit.

Ons eindbestemming vandag is **Dullstroom**. Hierdie bekoorlike dorpie is in die Mpumalanga-hoogland genestel. Dullstroom is bekend vir die kristalhelder foreldamme waar vliegengel baie gewild is. Die hoofstraat is 'n inkopieparadys en het uitstekende restaurante, koffiewinkels, bierbrouerye, 'n wêreldbekende whisky-kroeg en 'n heerlike atmosfeer. Ons geniet aandete en oornag in hierdie stukkie juweel in Afrika.

Di 11 DULLSTROOM – PRETORIA – JOHANNESBURG

Ons vertrek ná 'n vroeë ontbyt en kuier onderweg na Gauteng vir oulaas saam met medetoerlede wat nou vriende geword het. Ons beplan om teen 11:00 in Pretoria en ongeveer 12:00 op die O.R. Tambo-lughawe te arriveer vir diegene wat na elders in Suid-Afrika moet terugreis.

Indien u 'n ekstra nag in Pretoria of op die O.R. Tambo-lughawe wil oorslaap, kan CvW-Toere help om dit te reël.

Ons kom tuis met heerlike herinneringe aan 'n droomvakansie in ons eie pragtige land.

NB: Hierdie program kan weens weers- en/of onvoorsiene omstandighede aangepas word.